
# EEUFEES

# 100-JAAR BOEK

1924 - 2024




















100
QUI PETET INVENIET
11·11·2023


1924 - 2024
QUI PETET INVENIET
100

**Die ou skoollied**

Hier's 'n skool met ideale
Wat sterk karakters bou.
Wat krag gee in die lewe,
Om altyd koers te hou.

Blou,silwer met die groen,
dit is ons eie kleur.
Die vlag wat ons omhoog hou,
Alma mater tot jou eer.

O Hoërskool De Aar.
O Hoërskool De Aar.
Om soos jy leer te lewe,
vra ons van Bo gena.

Vir jou sal ons onthou,
Aan jou bly ons getrou,
Jy lê die fondament,
Waarop ons voortaan bou.


**Die "nuwe" skoollied**

Hier's 'n skool met ideale
Wat sterk karakters bou.
Wat krag gee in die lewe,
Om altyd koers te hou.

Blue, silver with the green,
This is our only tone.
The flag we proudly keep up high,
Alumni we will fly!

Oh, De Aar High School.
Oh, De Aar High School.
To live as you inspire
We ask for grace from Higher.

Vir jou sal ons onthou,
Aan jou bly ons getrou,
Jy lê die fondament,
Waarop ons voortaan bou.



Hoërskool De Aar vier vanjaar sy ***100*** ste bestaansjaar!
Wat ‘n uitsonderlike voorreg vir elke oud-skolier, huidige skolier, oud-personeel, huidige personeel en die hele Hoërskool De Aar gemeenskap om by so ‘n mylpaal betrokke te kan wees! ‘n Besondere woord van dank aan elkeen wat die afgelope eeu op een of ander manier betrokke was en steeds is! De Aar High School would not have been a school of excellence for the last century, if it wasn’t for all your positive contributions!

For the past ***100*** years, De Aar High School has been providing well-qualified and holistically developed learners – who became responsible, value-driven and successful adults. We have had the ability to develop and strengthen the potential of every learner who has been willing to take the responsibility and adhere to our core values and Code of Conduct. Our alumni excel, not only in South Africa, but internationally too!

HSDA se leuse, *Qui petet inveniet,* beteken:
“Wie soek, sal vind.”
Elkeen van ons staatmakers het hierdie leuse vir die afgelope tien dekades reeds aangegryp, hul eie gemaak en dít gevind waarin hulle hulself met van dié bestes kan vergelyk!

Vir die afgelope eeu, mik ons jaar na jaar nog hoër by HSDA en soek voortdurend terreine waarop ons steeds beter kan presteer.

Die afgelope paar dekades het onderwys in SA radikaal verander! Hoërskool De Aar het egter - deur volgehoue innoverende denke - tred gehou met al hierdie veranderinge. Daar is talle ander plattelandse skole wat daarteenoor nie kon kers vashou met hierdie radikale veranderinge nie...
Ons was (en is) altyddeur dankbaar teenoor die HSDA-gemeenskap, omdat hul ons besluite positief ondersteun het en boonop steeds HSDA se arms omhoog hou!
We have been blessed throughout with wonderfully dedicated, supportive and hard-working SGBs that have always made De Aar High School and its future a top priority!

Ons is voorwaar ‘n dinamiese skool wat enige uitdaging vierkantig in die oë kan staar! Ons laat ons geensins onderkry deur die feit dat ons ‘n plattelandse hoërskool is, wat boonop geografies buite stedelike gebiede, geleë is nie. Ons skop inderwaarheid jaarliks vele stadskole stof in die oë op sport, kulturele asook akademiese gebiede. Vir die afgelope 100 jaar presteer HSDA uitstekend – met prestasies op plaaslike, provinsiale, asook nasionale vlak.

De Aar High School does not have to stand back for any other school whatsoever! We have always aimed higher and higher. With the continuous support of our very loyal DAHS community, every positive comment, as well as everyone’s collaborative input – we have the ability to take our beloved De Aar High School even higher!

# Here’s to the next 100 years…
# We celebrate De Aar High School!

# KŸTO KAROOFEES

**Die jaarlikse Karoofees het op 29 Feb-2 Maart 2024 vir die 17de keer plaasgevind en dit was weereens een groot sukses met goeie kunstenaars, heerlike kos en vele pret.**

**KŸTO Karoofees, die fees wat pomp, het vir ons goeie musiek en kunstenaars soos Eloff, Riaan Benade, Quentin Prinsloo gebring. Willem Botha het gesorg vir grimeerwenke vir die dames.**

**Mense het van heinde en verre gekom om saam met ons pret te hê en weggestap met die woorde:**

**"Ons sien julle weer volgende jaar!"**









## EEUFEES Reünie 2024






























DE AAR
LEADIN
FASHIO
HOUS
23 Main Street
Tel: (053) 631 26
E-mail: novels@shis




HSDA
100


HENNIES SENTRUM


DONKEY CART RIDES
FACE PAINTING
078 353 9844




SEUFEES


100
HSDA
REUNIE

# SUKSESVERHAAL VAN DIE KAROOFEES

Hoërskool De Aar is geleë in die hartjie van die Groot-Karoo in die Noord-Kaap. Die skool is 'n waardegedrewe skool wat op alle gebiede puik presteer en is jaarliks onder die top 10 beste skole in die Noord-Kaap! Om deel van dié topspan te bly, is Hoërskool De Aar verplig om hul eie fondse te in en daarom speel die Karoofees hier 'n groot rol.

Die Karoofees, wat in 2007 geïnisieer is, groei elke jaar met 'n geweldige tempo. Die winste wat gegenereer word, word teruggeploeg tot voordeel van elke leerder.

Die afgelope sewentien feeste is baie vermag met die Karoofees se wins:

Ons het reeds, met die wins uit vorige feeste, die aanlê van 'n hokkie- en rugbyveld op die skoolterrein afgehandel, nuwe busse is aangekoop, 800m palissade geborg, 'n goeie tweedehandse bussie aangekoop, dataprojektors in elke klas geïnstalleer, nuwe gordyne vir die Boet Troskie Saal aangekoop, R280 000 bygedra vir die herstelwerk van die skoolgebou buite, kameras vir elke klas geïnstalleer, WiFi deur die hele skool en die aankoop van 10 rekenaars vir die uitbreiding van die leesprogram, "Readers-are-leaders", vir elke leerder van graad 8-10 vir 2 periodes per week. Verder is die skool se voorportaal en saalvloere opgradeer.  In 2021 is 'n bydrae is gemaak vir die aanstelling van addisionele onderwysers tydens die Covid-pandemie, om alle leerders elke dag vanaf 23 Maart 2021 te kon akkommodeer. Verder is 'n baie groot bydrae tot die installering van die solarstelsel gemaak. Bydrae tot die herstel van die Tennis-en Netbalbane en aankoop van bankies vir leerders om op te sit, sowel as asdromme.












# HSDA SPRINGBOKKE



SWEM: Didi van der Walt, Frank Myburgh en Gina van der Merwe




JOHAN ROSSOUW
ATLETIEK



GARTH EDWARDS
LEWENSREDDING



ISABELLE DU PREEZ
SA SKOLE
SKIET 2002



JANUS FOURIE
JUNIOR
PROTEA SKUT
2011



BOAN VENTER
2015 SA SKOLE
RUGBY



DE WAAL VENTER 1992 SA
ONTWIKKELINGSPAN
1996 SA A-SPAN






ZANRI DUMAS
SA TOUTREK




PHILIP EN DANIËL DU TOIT
PROTEA SKIET 2018/2019

# Oud-skoliere presteer










<u>*Dr Louis Johannes Bothma*</u> matrikuleer in 1976 as hoofseun aan die Hoërskool De Aar en was die Griekwaland-Wes 3 000 meter atletiek kampioen.
Dosent vir 20 jaar in Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en spesialiseer in arbeidsekonomie.

Vanaf 2003 tot 2006 deeltyds betrokke by bouprojekte in Suidoos-Angola. Deur die jare het hy verskeie navorsingsekskursies na Namibië, Zambië, Angola en ou slagvelde in Suid-Afrika onderneem.

Benewens geakkrediteerde artikels in vaktydskrifte, is hy outeur van nege boeke, waarvan hy sewe self uitgegee het.

- *Kommentaar sonder grense* – oor die politieke rol van die ou SAUK.
- *Punt van die Swaard* – 'n feiteroman oor die Anglo-Boereoorlog wat op die kortlys was vir die Louis Hiemstra-prys.
- *Die Buffel Struikel, 'n storie van 32 Bataljon en sy mense*. Deur Bothma self uitgegee en deur resensente as 'n meesterstuk en 'n waterskeiding in die literatuur oor die Grensoorlog beskryf. Die boek is reeds 20 keer herdruk en waarskynlik die mees gelese Afrikaanse boek oor die oorlog.
- *Buffalo Battalion: South Africa's 32 Battalion – a tale of sacrifice*. Dit is 'n hersiene weergawe van *Die Buffel Struikel* wat in Engels vertaal is.
- *Losbaadjiesak – stories in die langpad*
- *Anderkant Cuito –'n Reisverhaal van die Grensoorlog*
- *Vang 'n Boer – die stryd tussen Boer en Ovambo*
- *Rebelspoor – die aanloop verloop en afloop van die Boereopstand 1914-15*
- *Huilwater – 30 stories in die langpad*
- *Vat jou goed en trek Ferreira*

Bothma is ook mede-outeur van die boek ***Grensoorlogstories***, asook medevervaardiger van die film ***Captor & Captive – The story of Danger Ashipala and Johan van der Mescht***.

Hy is die afgelope 18 jaar 'n onafhanklike navorser, skrywer en uitgewer en is tans besig met 'n volgende boek oor Suid-Afrikaanse geskiedenis.

In 2012 was hy een van die benoemdes vir die *Bloemfonteiner-van- die- Jaar-* toekenning.




*HENDRé FICHARDT (du Toit)* Hierdie oud-hoofmeisie 2009 het haar graad in Interne Medisyne in Amerika verwerf.

Sy spesialiseer tans in Kardiologie.



*CHANTELLE LOOTS (Swart)* is aangewys as een van die die top 35 Geoktrooieerde Rekenmeesters in SA onder die ouderdom van 35 jaar.

*GIDEON DU PLESSIS*

Uitvoerende Finansiële Adviseur by Gideon du Plessis & Vennote

Op 'n wêreldwye toekennings aand het Gideon die prys vir een van die top 3 in die wêreld ontvang.

Gideon is die wêreld se versekeringsagent met die hoogste verdienste.





*STéFAN BURGER* voormalige hoofseun 1992, is 'n kliniese Sielkundige by Jimmie Roos skool vir seuns met ernstige gedragsprobleme. Stefan het sy eie boek geskryf met die naam HOOP.

Hy het ook vier albums opgeneem saam met 'n verskeidenheid van musiekvriende soos Riku Latti, Gert Vlok Nel, Wouter vd Venter, Herman Kleinhans en 3 vrygestel.

Stefan se stokperdjie is die groei van eksotiese eetbare sampioene. Hy het dit ook vir 'n kwartaal saam met my skoolseuns gedoen as opvoedkundige psigo-sosiale program.

Stefan stel baie belang in die medisinale aanwending van 'n verskeidenheid van Sampioene en hy is besig (in samewerking met die UFS en ook in die nabye toekoms, die UP oor navorsing (baie in die beginfase) oor die aanwending van psigidiliese sampioene (psilocibin) in die behandeling van toestande soos depressie, angs en die behandeling van trauma, demensie en nie-responsiewe depressie.












*MANFRED LAMBRECHTS*

Hierdie oud-skolier het groot hoogtes bereik toe hy as kampioen van die SA- Isuzu-Ysterman 70, 2024 gekroon is.



*WILLEM VAN HEERDEN* oud- onderhoofseun is as waarnemende Hoofregter in die Kaapstadse Hooggeregshof, aangestel.






*HANNO KOEN* – Hierdie kuns regisseur het reeds ‘n silwer pendoring toekenning, sowel as ‘n brons Loerie toekenning, ontvang.



*AMO VENTER*

Stilis assistent en mede-eienaar van Amo Creative saam met haar broer, Henno Venter. As die kreatiewe dryfkrag agter Amo Creative se projekte en geleenthede, is dit haar passie om ander mense se idees tot lewe te bring. Sy verskyn op TV-programme soos Bravo, Tyd met Aleit, Expresso show, Insider edition en in tydskrifte soos Sarie Bruid.







*MARLI VAN DER BIJL* **(hoofmeisie 2008)** is ‘n oudskolier van HSDA wat deesdae in Melbourne, Australië, woonagtig is.

In 2017 speel Marli in 7de Laan op SABC 2 en verskyn in 13 episodes as Maryke, Karmen se au pair.

Sy is genomineer as die beste ondersteunende speler tydens die Dramafest in 2019 deur die Independent Theatre Association en ontvang ook die toekenning, in Perth, as die beste ondersteunende speler gedurende 2019.

Marli het onlangs teruggekeer na Suid-Afrika vir die debuut van haar produksie *“Die Waarheid Oor Duiwe”* by die Vrystaat Kunstefees.

Dit ontvang dan ook die Vryskitters Toekenning as die Beste Musikale Produksie gedurende die Vrystaatse Kunstefees.

Marli het ook onlangs ‘n enkelsnit*, I wonder Why,* vrygestel wat op die meeste elektroniese platforms (soos *Spotify*) beskikbaar is.





*MAIKE CURRIE* voormalige hoofdogter 2000, is tans beleggingsdirekteur by die internasionale beleggingsreus Fidelity International in Londen. Sy het ook ‘n boek geskryf en word gereeld op internasionale televisie gesien.
Maike kan gereeld ook in Suid-Afrika op TV gesien word- BBC Business Live en weer op die BBC World. In 2016, is sy aangewys as die Headline Money Expert of the Year, deur die VK se top finansiële joernaliste.

# VERSKEIE OUD-SKOLIERE EN ONDERWYSERS WAT STEEDS 'N PASSIE VIR HSDA EN DIE KAROOFEES TOON.



*ADVOKAAT DRIES DU PLOOY* (oud-skolier en vriend)





In 2017 word Dries deur Boet Troskie as die beskermheer van die skool aangewys.

Hy was vir baie jare die hoof van die Gesinsadvokate – kantoor in Bloemfontein



*PIETER EN VERONICA (GROVE) VENTER*

Veronica is 'n oud-skolier en het die verantwoordelikheid vir die samestelling van 'n hele paar Karoofees boeke, geneem en haar uitstekend van haar taak gekwyt.

Pieter en Veronica is betrokke en gereëlde feesgangers

*FERDINAND POSTMA* – Hy was hoofseun in 1964 en een van die seuns van ds. Martinus Postma, predikant en ook oud-skolier van HSDA. Die Postmas het diep spore in De Aar en die gemeenskap nagelaat.









*WILLEM ANDRIES STEPHANUS OLIVIER (DOP)* Ywerige, trotse, betrokke oud-skolier. Sameroeper en inisieerder van die reünies in De Aar en getroue feesganger.
















Willem Olivier en Clifford Williams kuier saam met hulle gewilde oud-onderwyser, mnr. Coenie Nolte

*<u>MNR. COENIE NOLTE</u>*

## Hy is in 1960 by HSDA as onderwyser aangestel en is steeds, saam met Dop Olivier baie nou betrokke met die skool se aktiwiteite en nuus.

Ek was een van die jong vars-uit-die-oond–Maties wat in Januarie 1960 by Hoërskool De Aar opgedaag het. Vir die opening van die nuwe skooljaar is die ou skoolsaal, wat nog staande gebly het na die sloping van die ou skool, gebruik. Ek onthou steeds die tinteling wat ek deur my hele lyf gevoel het toe ek daar op die verhoog sit en vir die eerste keer die see van pragtige kinders met hul vriendelike gesigte sien. Dit het vir my gevoel of ek tuis gekom het.

Ek was waarskynlik nie die beste geskiedenisonderwyser nie, maar ek was lief vir die vak en het saans harder voorberei vir die volgende dag se les as wat die leerlinge (hulle was vir my soos my eie kinders) geleer het en huiswerk gedoen het. Toe Aardrykskunde later as keusevak teenoor Geskiedenis ingestel is, was dit vir my wonderlik toe meer as 80% van die leerders gekies het om voort te gaan met Geskiedenis as vak.

Soms word daar gedink dat opvoeding op skool net in die klaskamer plaasvind, maar dit is verkeerd. Dit is buite die klaskamer waar baie waardevolle lewenslesse geleer word. Ek weet dat die ouer garde op die personeel maar gefrons het vir hierdie jong japsnoet wat saam met die kinders liedjies sing en sy lyf dirigent hou terwyl ons wag vir die trein waarmee ons Prieska toe sou ry vir die naweek se sport. Of wat met debatsaande net so hard aan die debat as die kinders deelneem.

Om saam met ‘n gesoute span onderwysers te kon werk en by hulle te kon leer, was ‘n groot voorreg. Sommige van hule was reeds vir baie jare deel van die personeel en ek kon my pouses in die personeelkamer verluister oor wat hulle alles te sê gehad het. Toe daar later jare nuwe jong onderwysers by ons aangesluit het, kon ek ook weer by hulle leer wanneer hulle met nuwe entoesiasme en vaardighede nuwe lewe in ons geledere kom blaas het.

Wat my verbintenis met Hoërskool De Aar vir my so baie spesiaal gemaak het, was dat Ria, my vrou, ook ‘n oud-skolier van die skool was. Sy was maar in st. 8 (Gr. 10) toe ons begin uitgaan het. Vandag, na byna 64 jaar se getroude lewe saam met haar is sy steeds my steunpilaar, my rigtingwyser en kompas wat sorg dat ek nie inmekaar tuimel as swaar tye ons oorval nie.

In 1965 het ek die onderwys verlaat en in Kaapstad by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap as streekbeampte begin werk. Die Departement is kort daarna opgebreek in drie nuwe entiteite en is ek na Kimberley verplaas as Streekhoof van die nuwe Departement van Kultuursake. In 1971 het ek die staatsdiens verlaat en as Openbare Skakelbeampte by Kimberley Munisipaliteit begin werk. In 1991 is ek as Stadsklerk van Kimberley aangestel. In 1995 het ek as stadsklerk bedank.

Hierna het ek vir ‘n kort tydjie as Plaaslike Owerheid konsultant gewerk en van die nuwe stadsrade help oplei. Ek het ook my eie webwerf besigheid begin, het drie boeke geskryf onder andere Annerkant die Subway en ‘n selfpublikasie besigheid, De Novo Books, saam met my jongste dogter begin.

Tans is ek finaal afgetree en hou ek myself besig met die skryf van lawwe storietjies op Facebook en om my te verlustig in die WhatsApp gesprekke van die geselsgroep van die oud De Aar - skoliere.

**COENIE NOLTE**

## OUD-ONDERWYSER – MNR. DAVE FERREIRA

As jong onderwyser in Welkom, is ek en Anneri, ‘n boorling van De Aar, getroud en het ek in 1975 by HSDA begin. Alhoewel ek van die goudvelde uit Odendaalsrus kom, waar ek ‘n leerling van Hoërskool Wessel Maree was, het die personeel, leerlinge en die gemeenskap van De Aar my gou laat tuis voel.
In die beginjare was dit my taak om vir die seuns LO te gee en so was dit my vrou se taak om dieselfde vak vir die dogters te gee. Die enigste pak wat ek nodig gehad het was ‘n sweetpak. Later het ek ook Afrikaans onderrig, waar mnr. Awie Horn my mentor was.

Die sport by die skool het ‘n groot deel van my lewe in beslag geneem.

Gedurende my eerste busrit moes ek, as jongste lid van die personeel, die tennisspanne Carnarvon toe vervoer. Die ou Austin bus het drie keer op pad onklaar geraak, maar ons was darem net voor middernag weer by die huis. Ek het ook die taak gehad om die sportspanne en trompoppies (my vrou se afdeling) na al die stede in S.A. te vervoer. Met die genade van bo, het ons elke keer veilig tuis gekom.

Dit was my Beskore om die atlete, veral die hekkiesatlete vir interprovinsiale byeenkomste en die eerste rugbyspan af te rig. Ek was altyd trots op die spelers wat die blou trui gedra het. Ek het ook die geleentheid gehad om die Griekwaland-Wes Cravenweekspan vir ‘n klompie jare af te rig.

Ek was gelukkig om skoolhoofde soos mnre. Japie Jansen, Harm van Tiddens en Johan Koen te kon hê, hoofde, wat die belange van die skool altyd eerste gestel het.

Ek het in 2013 afgetree. Dit was vir my ‘n voorreg dat my vrou en ons drie kinders saam met my die pad by die skool gestap het. Die leerlinge en personeel het altyd die skool se belange eerste gestel en help bou aan ‘n instansie waarop ons almal trots kan wees.

Tans het ons die Karoo vir die Kaap verruil en het ons onlangs na Somerset-Wes verhuis, hier aan die voet van die Helderberg.


Na vyftig jaar van getroude lewe, en vele oorsese omswerwinge deur ons kinders, is ons almal nou weer herenig in die Kaapse Wynlande.

Mag HSDA in die jare wat voorlê nog groot hoogtes bereik. Ek, my vrou en kinders sal altyd lojaal teenoor ons Alma Mater bly.











## Hoërskool De Aar belê in 'n ultramoderne gimnasium.








Hoërskool De Aar is 'n skool wat glo dat, deur om te belê in sy leerders, dit die leerders die geleentheid gee om in hulself en hul skool terug te ploeg.

Hierdie toewyding tot die groei en ontwikkeling van Hoërskool De Aar se leerders, is onlangs beklemtoon met die inrigting van 'n splinternuwe, ultramoderne gimnasium. Die bekendstelling van die Dave Ferreira - gimnasium verteenwoordig 'n belangrike mylpaal vir Hoërskool De Aar. Dit beklemtoon die skool se toewyding om sy leerders te voorsien van die hulpbronne en geriewe wat nodig is vir ons leerders se ontwikkeling.




# ONS GROET LEGENDES…

## *BOET TROSKIE*



Boet Troskie was 'n bekende sakeman en rolprentvervaardiger wat die rolprentmaatskappy Mimosa Films in 1964 gestig het.

Cornelis Abraham Troskie is op 2 November 1936 in Bloemfontein gebore en was een van ses kinders wat arm grootgeword het. Hy het op De Aar skoolgegaan en na skool het hy as 'n motorwerktuigkundige begin werk. Hy het met behulp van 'n lening drie motors gekoop en later 'n suksesvolle motorhandelonderneming saam met sy broer Bill begin.

Nadat Boet 'n vertoning van die komediant en sanger Al Debbo bygewoon het, het Al aan hom 'n draaiboek gegee met die versoek om 'n rolprent te vervaardig. Tussen Boet, Bill en 'n ouditeur is daar genoeg geld bymekaargemaak om die rolprent, *Die wonderwêreld van Kammie Kamfer*, te vervaardig. Hierdie raap-en-skraap-produksie het 100% wins gemaak en Boet het Mimosa-films in 1964 gestig.

Na hierdie sukses het een van die suksesvolle vennootskappe vir Troskie ontstaan toe hy met Jamie Uys begin saamwerk het. Die Troskie-broers het eendag by Uys se huis opgedaag en hom gevra om by hulle aan te sluit. Hy het ingestem en saam met Mimosa-films begin werk aan 'n dokumentêre rolprent, *The three wise men*, wat binne 'n jaar nadat dit uitgereik is, vierduisend keer op Amerikaanse televisiekanale vertoon is.

Mimosa Films het daarna die een suksesvolle rolprent na die ander vervaardig, onder meer *Die professor en die prikkelpop* en die legendariese *Dirkie*, albei rolprente met draaiboeke wat deur Jamie Uys geskryf is. Ander rolprente het gevolg, onder meer *Staal Burger*, met 'n draaiboek deur Daan Retief na aanleiding van Fanus Rautenbach se radioverhale en *Breekpunt*. Hy het saam met regisseurs soos Jan Scholtz, Dirk de Villiers, Emil Nofal en Elmo de Witt gewerk. In 1980 het hy saam met Jamie Uys aan die grootste lokettreffer tot dusver, *The gods must be crazy*, gewerk. Hy het 'n ooreenkoms met Twentieth Century Fox aangegaan en hom in die Verenigde State van Amerika gaan vestig om persoonlik toesig oor die bemarking en verspreiding van die rolprent te hou. Nog twee suksesverhale waaraan hulle gewerk het, was *Beautiful people* en *Funny people*. Nadat Troskie na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy saam met Uys aan die opvolgrolprente van "*The gods must be crazy* en *Funny people"* gewerk.

Benewens sy werk as rolprentvervaardiger, het Troskie 'n sakeryk opgebou, wat Bloemfontein se grootste en bekendste winkelsentrum, Mimosa Mall, ingesluit het. Verder het hy aan die gemeenskap teruggegee; die voormalige redakteur van *Die Volksblad*, Hennie van Deventer, het vertel van 'n projek wat hy saam met dié koerant aangepak het waartydens kinders se drome verwesenlik is. Hy was betrokke by die Bloemfonteinse Kinderkoor, asook die Sentrale Universiteit van Tegnologie (SUT), wat aan hom 'n eredoktorsgraad toegeken het en 'n monument tot sy eer opgerig het. Die onthale by sy glansryke woning Eden, in Millie Krauiselaan in Bloemfontein was legendaries en is deur bekende gaste soos oudpresident P.W. Botha, oudministers soos Pik Botha en Barend du Plessis, kunstenaars soos Dana Winner en Helmut Lotti en ander bekendes, asook doodgewone vriende, bygewoon. Hy het soms ook sy trekklavier uitgehaal en saam met Nico Carstens en Ollie Viljoen musiek gemaak. Oudpresident Nelson Mandela het Mimosa Films se dertigste verjaardagpartytjie by die saal van die SUT, wat na hom vernoem is, bygewoon. Hy was ook die visekanselier van die SUT.

Boet se biografie, *Op Vlerke van Wysheid* is deur dr. Jan-Ad Stemmet en die Mimosa-groep uitgegee.

Hy was drie keer getroud, en altesaam vier kinders is uit sy eerste twee huwelike gebore. Hy is op 24 Desember 2022 in die ouderdom van 86 jaar aan komplikasies van Covid-19 oorlede.

Hoërskool De Aar het elke jaar eer aan hierdie merkwaardige, invloedryke, suksesvolle, nederige sakeman en oud-skolier gebring met 'n Boet Troskie-dag.
Op hierdie dag was Boet as eregas verwelkom met 'n spesiale program, wat HSDA personeel en leerders vir hierdie dag voorberei het.
In 2012 het Boet die eerste maal vir groot opwinding gesorg, toe hy met sy helikopter opgedaag en op die rugbyveld geland het. Daarna sou Boet gereeld een maal per jaar die skool besoek.
Boet Troskie se seun, Jaco Troskie het in 2015 saam met hom en die motiveringspreker, Johnny Louw (Nasionale Direkteur van "Character for Life"), die skool besoek.
Dr Boet was ook betrokke by die Bloemfonteinse Kinderkoor. In 2017 het Boet, spesiaal die Bloemfonteinse kinderkoor met 'n luukse bus vir 'n optrede na De Aar, vervoer. ***Huibrie Verster*** (dirigent), ***Anton Esterhuyze*** (begeleier) en hul **beskermheer** en **bemarkingshoof** van die koor – ***Mnr. Johan Gunter*** (Radio Rosestad) het ook De Aar besoek. Ander gaste wat Boet na die verskeie Boet Troskie dae vergesel het is onder andere: Sy vrou – ***Tracey,*** haar dogter ***Shannon-Lee*** en haar man ***Godfried Kotze***, ***Elna*** – boet se dogter, seuns: ***Jaco Troskie*** en ***Rhodemarie, Jamie Troskie, Kosie Troskie****(*broerskind), Oud- skoliere: ***Dop Olivier, Pieter en Veronica Venter, Dries Mybyrgh, Heelna Human, oud-onderwyser, Awie en Brenda Horn, dr. Jan-Ad Stemmet*** (Boet se biografie Op Vlerke van Wysheid is deur dr. Jan-Ad Stemmet en die Mimosa-groep uitgegee) ***redaktrise van die Volksblad***, ***Advokaat Dries du Plooy*** (oud-skolier en beskermheer) Boet Troskie het Advokaat Dries du Plooy (oud-skolier en vriend) as beskermheer van HSDA aangestel.

Hoërskool De Aar se skoolsaal is na Boet Troskie vernoem.











HOËRSKOOL
DE AAR
HIGH SCHOOL




Mik Hoër!






2017
BOET TROSKIEDAG


RUGBY
MEJ HSDA











Boet
Troskie
16·08·16

## ***MNR. AWIE HORN***

## DINAMIESE MENS EN OUD-ONDERWYSER IN MURG EN BEEN

Die bekende meneer ***Awie Horn***, 'n legende in onderwys- en boerderykringe, is op 23 Junie na 'n lang siekbed in die ouderdom van 81 jaar op De Aar oorlede. Hy het die laaste paar jaar van sy lewe aan Parkinson se siekte gely.

Horn, geliefd en wyd gerespekteerd, was sinoniem met die Hoërskool De Aar waar hy vir 30 jaar Afrikaanse onderwyser was. Die invloed wat hy op duisende van die skool se leerders gehad het, is enorm en strek veel wyer as bloot sy vak en diensjare.

Dwarsdeur sy lewe sou sy ouers se wonderlike opvoeding die fondament vir sy lewens en wêreldsbeskouing wees – en die rigsnoer vir sy lewe. 'n Groot voorliefde van hom was beslis sy liefde vir kinders. Oud-skoliere onthou hom nou nog en was verheug om hom met die reünies te kon sien. Almal wat met hom te doen gekry het, het mooi dinge van hom gesê en hy was steeds geliefd onder almal. So het hy 'n verskil in die lewens van baie mense gemaak.

Een oudleerder stel dit só: "Jy kan met enige generasie praat wat op De Aar skoolgegaan het en hulle sal van meneer Horn praat. Dit voel of hy 100 jaar daar skoolgegee het." 'n Ander een merk op: "Hy het respek in sy klasse afgedwing sonder om ooit te raas of moeilik te wees. Hy kon kinders opsom en die goed in elkeen raaksien. Geen leerling wou hom teleurstel nie." 'n Engelssprekende wat in sy klas gesit het, sê: "He served and enabled a lifetime of people. Generations that were and generations to come will see the fruit and benefit of his life."

Albertus Human Horn is op 19 Desember 1941 op die plaas Valspan in die Prieska-distrik gebore. Hy het egter op die plaas Biesiespan opgegroei en aan die Hoërskool Hopetown gematrikuleer, waar hy akademies presteer en in sport uitgeblink het. Die Griekwaland-Wes onder 19 rekord vir die 220 treë het lank agter sy naam gestaan. Ná matriek is hy Bloemfontein toe waar hy 'n onderwysgraad met Afrikaans en liggaamlike opvoeding as hoofvakke behaal het. Daarna is hy na die Universiteit van Stellenbosch vir nagraadse studies in Afrikaans.

Sy onderwysloopbaan het in 1965 op De Aar begin waar hy tot adjunkhoof gevorder het. Onderwys was egter vir hom 'n roeping en nie soseer 'n beroep nie. Nie net het hy 'n liefde vir Afrikaans by sy leerders vasgelê nie, maar hulle het na hom opgekyk. "Sy manier van loop, sit of staan, was doelgerig en vol selfvertroue. Nooit met sy hande in die sakke nie, maar altyd statig en stewig gestaan om elkeen van ons te help," sê die matriekklas van 1986. Horn se leerders onthou hom ook vir sy liefde en passie vir gedigte. Dit verbaas dus nie dat die matrieks van 1973 Jan F.E. Cilliers se bekende gedig, *Generaal De Wet*, aanhaal nie en van hul geliefde onderwyser sê: "Stil broers, daar gaan 'n man verby, hy groet en dis verlaas…"
Met sy innemende geaardheid, omgee, mooi persoonlikheid en sagte aanslag, sou hy baie leerlinge se rolmodel word.

Oor die algemeen praat oud-leerlinge graag oor sy sin vir regverdigheid, sy respek vir sy medemens en sy positiewe benadering.

Hy het nooit 'n kind afgebreek of verkleineer nie. Sy klasse was immers interessant , inspirerend en afgewissel met humor.

Daarbenewens het hy as gimnastiekbeoordelaar verskeie kere die SA - Gimnastiekkampioenskappe beoordeel en by funksies en troues ook as seremoniemeester en sanger opgetree.


Afgesien van ‘n kleurryke onderwysloopbaan, het Horn ook deeltyds op die plaas Hartebeeshoek net buite De Aar met Dorperskaap geboer. Na sy uittrede uit die onderwys, het hy al sy aandag aan sy boerdery gewy. Sy Albian Dorperstoet is een van die oudstes en bestes in die land en het nie minder as 12 Suid-Afrikaanse kampioene en toppryse op veilings opgelewer nie. Horn het hy ook sy merk in die bokbedryf, nasionaal en internasionaal, gemaak. Met sy kennis van diere en genetika was hy instrumenteel in die ontwikkeling en registrasie van twee nuwe bokrasse, die Kalahari Red en die Black Berry. Benewens dit alles was hy ook ‘n gekwalifiseerde afrigter en beoordelaar van saalperde.

Awie Horn, wat bekend was vir sy humor, kwinkslae en stories, het ‘n paar jaar voor sy afsterwe ‘n outobiografie, *Van **Toeka tot Twitter***, die lig laat sien. Daarin vermeld hy een van Einstein se filosofieë waaruit hy inspirasie geput het: **“As die menslike gees eers eenmaal aan iets buitengewoons onderwerp is, kan hy nooit weer met die normale, die alledaagse, tevrede wees nie”.**

In ‘n hoofstuk oor sy familie, sê Horn: “Hoe waar is die gesegde nie, dat as jy eers eenmaal van De Aar se water gedrink het, kom jy altyd weer terug. Ook elkeen van my kinders en kleinkinders se wortels lê diep in De Aar se aarde begrawe”. Mnr. Horn se trots was sy familie, kinders en kleinkinders.

Op ’n vraag wat die meeste kwaliteit aan sy lewe gegee het, het Mnr. Horn, oopkop soos gewoonlik geantwoord: “ Die samesyn met my gesin en die gesellige gesprekke met my oud-leerlinge tydens die jaarlikse Karoofees - reünies”. Vir hom bly sy oudleerlinge ’n “geestelik verrykende belewenis” – bly hulle saam met hom belangrike skakels in die tradisieketting van hierdie mooi skool wat verlede, hede en toekoms onherroeplik met mekaar verbind. Bowenal bly hy die dinamiese mens, maar ook ’n ware opvoedkundige in murg en been.

*De Aar se aarde. Dit is waar Awie Horn nou rus van sy aardse werke*.














## *CARIEN ZIETSMAN* – 1 JANUARIE 1984 TOT 2022 VERBONDE AAN HOëRSKOOL DE AAR






Me. Zietsman was vanaf 1 Januarie 1984 tot 2022 verbonde aan die Hoërskool De Aar.

Carien se gunstelingwoorde was altyd elke einde van die kwartaal: "… julle gaan huil as julle my sien…." Sy het elke vakansie gedreig haar mede- personeellede gaan haar nie eers herken as sy terugkom van die see af nie….

Die huldeblyke het ingestroom, van oraloor, so ver as Taiwan. Sy het 'n indruk gemaak op jonk en oud. Dan praat ek nie van die oud-skoliere en kollegas nie. Dit was opmerklik van die hoeveelheid oudskoliere wie sou kom inloer by die kombuis tydens Karoofees en spesifiek vir HAAR soek… soos Renate Lambrechts dit stel, ons eie 'Masterchef'.

Mnr Ferreira, wat jare lank saam met haar gewerk het, meld in sy huldeblyk haar kalm, rustige manier van omgaan met die leerders. Ook sal haar Dankie-Sê funksies en Matriekafskeide nimmer vergeet word. Haar kos was altyd van hoogstaande gehalte. Talle meld in hul huldeblyke hoe wyd en onbeperk, haar kennis van voedsel was. Vriendinne en kollegas, het elk iewers 'n kosles in kookkuns by haar geleer, want Carien Zietsman was op hoogte van die koswêreld en sy modes.

Judy Conradie, ook 'n oud-kollega, beskryf haar as 'n sagte, statige en sensitiewe mens. Sy het haar die eerste keer gesien by 'n VLV-middag by die gemeente, waar haar éclair demonstrasie volgens haar nie wou deug nie. Die eclairs wou nie rys nie. Sy het gesê dit was, óf die kritiese oog van die VLV-dames óf die oonde van die kerk. Wat so opvallend was van Carien, sy het selde haar waarde gereken. Na 'n hoogs suksevolle Dankie-sê funksie of vyfgang maaltyd, sou sy altyd erg krities na haarself en haar aanbieding kyk. Sy het nooit gevoel sy was genoeg nie, nooit besef vir hoeveel sy méér as genoeg was nie!!

Een van haar vriendinne van 38jaar, Renate Lambrechts, beskryf haar as iemand met integriteit en vir wie die woord "Nee", nie bestaan het nie. Verder het sy 'n fyn humorsin gehad, en was 'n skouer op wie sy altyd, selfs tydens haar siekbed, nog kon leun.

Die Duminy-gesin, Pieter en Alida, ken haar van De Aar en Stilbaai en noem haar "deel van die familie". Hul beny haar nederigheid, opregtheid en minsaamheid.

Karien van Zyl, oud-kollega tans woonagtig in Taiwan, onthou nou nog, soos ekself, hoe sy die nuwelinge laat tuis voel het. Sy meld Carien se manier van 'n storie of 'n grap vertel. Sy het so unieke manier gehad van sedig praat. Ook Carien se skoonsuster, Lenore, onthou die manier waarop Ziets lewe in 'n storie kon blaas.

Willemien Taljaard, verwys ook soos Lida Nel, na haar geel Datsun Pulsar se spoed. Letterlik hoe hul gejaag het vir 'n dag se inkopies in Bloemfontein, of 'n naweek kuier in die Kaap. Sy sê dat sy seker was dat daardie enjin enige oomblik gaan uitspring, maar Ziets kón ry!! Ziets kón kook. Ziets kón ook de Ziets in raak… 'n uitdrukking wat opsom as iemand boosaardig kwaad is.

En Ziets kon kophou…. Sy het soms ongeorganiseerd voorgekom, maar sy het presies geweet wat en waar en hoe. Willemien meld dat self met haar kinders se geboortes, kon Carien kophou en handbysit, waar sy en haar man lankal kop verloor het. Ekself, onthou een spesifieke dag wat ek vir Carien raad gevra het, hierdie yslike groot dilemma, en

Ziets kon net daar in die smal personeelkamer se kombuisie, terwyl die ketel kook, (altyd koppie koffie in die hand) vir my in twee sinne antwoorde en vrede in my hart gee.

Carien het uitgekyk vir haar naaste. Sy sou haarself tekort doen om ander te help. Talle is dit eens.

Wat ook opvallend was, was haar uitkyk op probleme. Talle meld dat sy ‘n simplistiese, realistiese uitkyk op dinge gehad het. Judy Conradie noem dat sy telkens oor ‘n glasie rooiwyn en tjoppie die probleme van die skool op so ‘n kalm, rustige manier in oënskou sou neem, met logiese oplossings vorendag sou kom en dan telkens met nuwelinge onder kritiese oë, sou meld, ons is te hard op hulle.

Sy laat ‘n leemte! ‘n Goeie vriendin, Annerette Fourie, het baie myle flink saam met haar gestap. Vir haar was Carien ‘n “Bomb shell’, waar sy veilig gevoel het. Hulle kon saam hulle siele skoonstap. Sy was enig in haar soort! Mnr Awie Horn, was saam met Me Zietsman verbonde aan die skool vanaf 1984. Hy het gemeld dat sy die leerders met die wêreldse respek hanteer het en deurgaans in ‘n verskeidenheid van vakke, werk van hoë gehalte gelewer het.

Hierdie was ‘n sterk vrou, ons het van talle goed nie eens geweet nie. Sy het een middag met groot oë by ‘n kollega, Nica Sadie ingestorm: Nica het net geweet, maar dink die helfte het ons nie geweet nie. Die lewe het met haar gebeur: Sy het moedig baklei tot die einde. Haar niggie Bettie, meld sy is dankbaar dat haar heldestryd nou verby is.
Like Shakespeare said: “Good night Princess. May flights of angels sing you to your rest.”

BY HSDA, waar ons arende is, het sy vir haar aantal jare diens, vlerke gekry en ja…. dit is presies wat sy gedoen het…

Sy het haar vlerke gesprei. Sy vlieg… sy sweef nou hoog. En van haar gunstelinge was Bles Bridges se “You are the eagle I’m the wind”. Vlieg hoog, Carien Zietsman.

# MELODRAMA PERSONEEL


















*__JAFTA BOOYSEN__* was vir 37 jaar werksaam by Hoërskool De Aar. Die Skoolhoof beskryf hom as volg: Sy werk was sy trots en die skool was hartseer om hom na al die jare te groet.








Trompoppies






Pom Poms

# OUD-skoliere reünies

## 60's




WELKOM
MX 1971
1972
70's









# 80's











# 80's




















90's
1993

# 2000's























1924 - 2024
2024
PERSONEEL













QUI PETET INVENIET
1924-1974
HOËRSKOOL





# HSDA MIK HOËR

# DAHS AIMS HIGHER






***In die woorde van <u>TC Markgraaff</u>, hoofseun van 2024: "As high-flying eagles, we believe in Qui petet inveniet".***

***<u>Antoné Menne</u>, hoofmeisie 2024 se toekomswoorde: Hoërskool De Aar bied meer as net akademiese kennis. Met goeie waardes en besonderse personeel, wat altyd bereid is om die ekstra myl te loop, word sterk karakters gebou, vir wie daar 'n blink toekoms voorlê.***




# ARENDWENNER VAN DIE JAAR
# EAGLE WINNER OF THE YEAR

| | |
|---|---|
| 2004 | TIAAN VD BIJL |
| 2005 | CHANTELLE CORREIA |
| 2006 | CHANTELLE CORREIA |
| 2007 | MARLI VD BIJL |
| 2008 | OHANN FOURIE |
| 2009 | OHANN FOURIE |
| 2010 | INA-MARÉ KRIEK |
| 2011 | CHRISNA VD MERWE |
| 2012 | MICHELLE V HEERDEN |
| 2013 | CHRISNA VD MERWE |
| 2014 | INA-MARÉ KRIEK |
| 2015 | HANÉL MANS |
| 2016 | JOHAN HATTINGH |
| 2017 | DANIËL DU TOIT |
| 2018 | DANIËL DU TOIT |
| 2019 | ETHAN AFRIKA |
| 2021 | PRINCE RAJABU |
| 2022 | ETHAN AFRIKA |
| 2023 | ANTONÉ MENNE |
| 2024 | ANTONÉ MENNE |



| | HOOFSEUN | HOOFDOGTER | DUX- LEERLING |
|---|---|---|---|
| 1938 | | | |
| 1939 | | | |
| 1940 | | MARIE BARNARD | |
| 1941 | PIETER AUCAMP | VIOLET EAGLETON | |
| 1942 | JENS JAKOBSEN | ANNA BESTER | ANNA BESTER |
| 1943 | WILLIE VENTER | ELIZE DE LA REY | |
| 1944 | NIKLAAS BARNARD | MINNIE BEUKES | MINNIE BEUKES |
| 1945 | PETRUS DU TOIT | LORYN V.D. MERWE | |
| 1946 | EITEL OBERHOLSTER | MADELEINE ERASMUS | |
| 1947 | FRANCOIS VIVIERS | M.E. DU PLESSIS | |
| 1948 | W.L. ROOS | DOREEN BOTES | |
| 1949 | RETIEF V.D. MERWE | ZONIA DE SMIDT | HELENA JOUBERT |
| 1950 | WILLIE HUMAN | LEONORE V. RENSBURG | |
| 1951 | JOHAN ACKERMAN | PETRO BOSHOFF | DIRK POSTMA |
| 1952 | DIRK POSTMA | BETTIE DE JAGER | |
| 1953 | ROELF DU PLESSIS | ENA DU PREEZ | A. LOTRIET, S. DE JAGER & I. DU PREEZ |
| 1954 | ADRIAAN LOTRIET | | |
| 1955 | JOUBERT DE VILLIERS | MARIETA VILJOEN | |
| 1956 | PIETER DE KLERK | RITA STRUWIG | |
| 1957 | ALBERT VILJOEN | CHRISTINA POSTMA | |
| 1958 | PETRUS MARITZ | CONNIE JOOSTE | |
| 1959 | HENDRIK JANSEN | DIRKIE COETZEE | |
| 1960 | PIERRE DE VILLIERS | CHRISTINA WEIDEMAN | F.MARITZ & C.VENTER |
| 1961 | PIETER ROBERTS | RINA WILLEMSE | |
| 1962 | JOHAN BARNARD | ELSA KASSELMAN | ELSA KASSELMAN |
| 1963 | FANIE DU PLESSIS | RITA BOSHOFF | |
| 1964 | FERDINAND POSTMA | BETTIE JANSEN | |
| 1965 | CORNELIUS VENTER | HELENA MYBURGH | |
| 1966 | JACOBUS VAN HEERDEN | MARTHINETT KOK | |
| 1967 | JOHAN LOUW | JOHANNA LESCH | JOHANNA LESCH |
| 1968 | JAN PIENAAR | CECILE BOSHOFF | |
| 1969 | JAN FOURIE | ANNEMIE DU PLESSIS | |
| 1970 | JOHAN MARAIS | MARIKA VAN TONDER | |




| | HOOFSEUN | HOOFDOGTER | DUX- LEERLING |
|---|---|---|---|
| 1971 | DALE LIEBENBERG | ALSONIA FOURIE | ADRIENNE V.D. MERWE |
| 1972 | JOHAN CILLIERS | DIDI V.D. WALT | JOHAN CILLIERS |
| 1973 | JOHN EKKERD | MAGDA KEUN | |
| 1974 | JOHAN DU PLESSIS | HELENA LESCH | HELENA LESCH |
| 1975 | ERNST HAVINGA | FELICITY SHEE | |
| 1976 | LOUIS BOTHMA | MARINDA SCHOLTZ | |
| 1977 | CARL MARITZ | ELMARÉ SCHOLTZ | |
| 1978 | LEON LIEBENBERG | LOUISE WOCKE | |
| 1979 | OTTO VAN HEERDEN | AMANDA SCHOLTZ | WILLEM CROUCAMP |
| 1980 | PETRUS PELSER | JOEY MYBURGH | JACOB SCHOEMAN |
| 1981 | DEREK SNYMAN | SONJA LIEBENBERG | SONJA LIEBENBERG |
| 1982 | IAN DU TOIT | ELDA SNYMAN | SUZETTE NIEUWOUDT |
| 1983 | JOHN-PAUL BURGESS | MAGDA BARNARD | JOHN-PAUL BURGESS |
| 1984 | CORRIE V.D. WALT | HESTER BASSON | |
| 1985 | JOHAN MYBURGH | SUNA LE ROUX | |
| 1986 | IAN HORN | ELIZE MARAIS | |
| 1987 | PHILIP LE ROUX | ALETTA VENTER | H VAN RENSBURG |
| 1988 | KOSIE DU PLESSIS | MARELIZE DU PLESSIS | KOSIE DU PLESSIS |
| 1989 | DEON GELDENHUYS | MALINDA IMMELMAN | MALINDA IMMELMAN |
| 1990 | ANDRÉ LE ROUX | THEA VAN TIDDENS | CHRIS EAGAR<br>THEA VAN TIDDENS |
| 1991 | RIMMON MEIRING | CHARLENE MINNAAR | ENGELA SWIEGERS |
| 1992 | STEFAN BURGER | MELISSA MORTON | STEFAN BURGER |
| 1993 | FRANS JOOSTE | ANEL CAWOOD | ANEL CAWOOD |
| 1994 | RICHARD MOOLMAN | CECILE VENTER | RICHARD MOOLMAN |
| 1995 | ROBERT MOSTERT | KARIEN FOUCHE | ELIZE ERASMUS<br>MARCO BARNARD |
| 1996 | JAPIE LEEUWNER | ELSABÉ VENTER | SUZANNAH LE-ROUX |
| 1997 | CHARL PIENAAR | STEPHANIE CAWOOD | RIANA DUMAS<br>A VAN DER BIJL |
| 1998 | WAYNE LIEBENBERG | SUNET LAUFS | NADINE DE JAGER |
| 1999 | JOHAN V. TIDDENS | KAREN HUGO | KAREN HUGO |
| 2000 | THEUNS POTGIETER | MAIKE CURRIE | SALOMIE DE KLERK |
| 2001 | WILHELM LAUFS | MARILIZE WILLERS | MARILIZE WILLERS |


1924 - 2024
100
HOOFSEUN HOOFDOGTER DUX- LEERLING
2002 WIMPIE DU PLESSIS GERMARIE FERREIRA GERMARIE FERREIRA
2003 THINUS CONRADIE IVONE SEQUEIRA SAN-MARI MYBURGH
2004 JAQUES MIK MARDI SMIT JAQUES MIK
2005 JAN HUGO V.D. MERWE AMORÉ V.D. MERWE JAN HUGO V.D. MERWE
2006 SIMON V.D. BIJL ELINE DU TOIT DRIES JOOSTE
2007 NIEKIE VAN ASWEGEN CHANTELLE CORREIA CHANTELLE CORREIA
2008 GERRIT NEL MARLI V.D. BIJL MARLI V.D. BIJL
2009 ANDRÉ J.V. RENSBURG HENDRÉ DU TOIT HENDRÉ DU TOIT
2010 OHANN FOURIE ISABELLE SEQUEIRA ANDREA DUIKER
2011 HENKO WYDEMAN FRANCIS DU TOIT FRANCIS DU TOIT
2012 MARK PRINGLE MICHELLE V. HEERDEN MARK PRINGLE
2013 FRANCO VISSER LOUISA ALBERTYN LOUISA ALBERTYN
2014 GEORG SIEBERHAGEN LIZAAN CONRADIE INA-MARÉ KRIEK
2015 DE HANN FOURIE MARNÉ MARAIS MARNÉ MARAIS
2016 IAN VISSER JANIKE LE ROUX JACOMI DU PLESSIS
2017 STEPHAN MYBURGH AMORÉ BARNARD AMORÉ BARNARD
2018 JOHN-PAULO SEQUEIRA MARLI DUVENHAGE JOHN-PAULO SEQUEIRA
2019 DANIËL DU TOIT ENCHANTÉ DU PREEZ SURINA LE ROUX
2020 JOHAN DUVENHAGE ANLIE HUMAN CLODELLE MENNE
2021 JEANDRÉ RUST KAYLA BLOM JEANDRÉ RUST
2022 ETHAN AFRIKA ANJA KLEYNHANS JACO V.D. MERWE
2023 PRINCE RAJABU ELIZCA BESTER